Hoe om goeie selfoon-maniere aan te leer

Graad R tot 12

Bespreek selfoonetiket met Voortrekkers.

Onderwerpe: Goeie maniere, Kommunikasie

Stappe

1. **Bespreek die volgende selfoonetiket met spanlede.**

- Wees in beheer van jou selfoon. Moenie dat jou selfoon jou beheer nie.
- Praat saggies as jy jou selfoon in die publiek antwoord. Beweeg weg van die ander persone sodat hulle nie jou gesprek kan hoor nie.
- Moenie persoonlike onderwerpe bespreek terwyl ander jou kan hoor nie.
- Moenie jou selfoon beantwoord of teksboodskappe stuur as jy deel van ’n geselskap is nie.
- Moenie op jou foon inligting opsoek terwyl jy met ’n persoon gesels nie.
- Gebruik geskikte profiel-prente.
- Moenie jou foon hardop tydens ’n funksie in ’n saal of in ’n teater antwoord nie.
- Maak seker jou boodskappe bevat nie spel- en taalfoute nie. Gebruik SMS-taal wanneer dit sinvol is.
- Moenie foto’s waaroor jy later ongemaklik kan voel, neem en vir mense stuur nie.
- Moenie enige beledigende boodskappe vir ’n persoon stuur nie. Jy kan later dalk baie spyt wees.
- Skakel jou selfoon af as jy in ’n teater, kerk of fliek is of ’n funksie bywoon.
- Moenie skinder of enige vloekwoorde gebruik as jy boodskappe stuur nie. Let op jou taalgebruik.
- Moenie jou foon aanskakel en teksboodskappe tik in ’n donker teater of fliek nie. Die lig is sigbaar en steurend.
- Moenie video’s en foto’s met jou selfoon in ’n donker vertrek neem en veral as dit nie toelaatbaar is nie.
- Moenie ’n selfoon beantwoord wanneer jy bestuur nie.

Stappe

2. **Handwerkitem:** Maak hierdie maklike selfoonsakkie uit vilt.

   Sny twee stukke vilt 1 cm groter as die selfoon. Werk die twee lang sye en een kort sy van die stukke vilt met kombersteke (of gewone rygsteke) aanmekaar.



3. **Speletjie: Telefoontjie**

   Spelers sit in ’n kring. Een speler fluister ’n boodskap vir die persoon wat langs hom/haar sit, bv. “Ons gaan volgende naweek kamp en ek sien baie daarna uit”. Die boodskap word dan van persoon tot persoon gefluister. Die laaste persoon sê die boodskap hardop. Dit is gewoonlik baie snaaks om te hoor hoe die boodskap verander het.

4. Daar is verskeie Bybeltekste wat handel oor praat. Bespreek met jou spanlede dat dit belangrik is waaroor hulle gesels en wat hulle sê.

   Teksverse wat hierby aansluit, is:

   Spreuke 10:31: "Daar kom wysheid uit die mond van die regverdige, ’n tong wat kwaad stig, sal uitgesny word."

   Spreuke 13:3: "Wie sy mond in bedwang hou, behou sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie, gaan sy ondergang tegemoet."

   Matteus 12:34: "Julle slange! Hoe kan julle wat sleg is, iets goeds sê? Waar die hart van vol is, loop die mond van oor."

Wenke

1. Laat spanlede hulle selfone altyd tydens ’n spanbyeenkoms afskakel (of op silent plaas) en bêre.
2. Stoor noodnommers op jou selfoon, bv. ouers, polisie, ambulans. Jy kan dit so stoor dat dit die eerste nommers op jou selfoon is.
3. Gebruik rolspel om foutiewe en korrekte selfoonetiket te demonstreer. Spanlede moet dan raai wat die persoon reg of verkeerd gedoen het.